NUUS | SAOU | NEWS

NATIONAL | NASIONAAL

Nasionale Kantoor / National Office: Tel: 086 072 6843 | Email/Epos: saou@saou.co.za

22/09/2016 24A/2016

WORK MUST BE TREASURED

Be responsible and professional in life!

The SAOU receives enquiries on a daily basis, on the one hand from educators who are seeking posts, and on the other from educators who place their continued employment at risk. Both kinds of communication take place against the background of South Africa's daily unemployment rate which is, statistically, one of the highest in the world. The number of enquiries received by the Union would suggest that as a profession we are not as aware of the effects of this debilitating reality as we should be.

Those who are fortunate enough to have a post should treasure the privilege. The SAOU uses the term 'privilege' deliberately. Three crucial factors need to be taken into account: The continuing increase of the learner/ educator ratio that implies a reduction in the number of educator posts; the fact that in the broader labour market, one out of every four adults of our population is unemployed and that on average two out of every four of our youth cannot find employment.

The SAOU represents members in disciplinary matters, competency hearings, conflict between staff members, conflict with school governing bodies, grievances, etc. daily. Notably, many of the employed are found guilty of insubordination, assault, sexual assault, fraud, conflict in schools, poor work performance, financial mismanagement, reporting late for duty, absence without official leave, etc.

We are not advocating that SAOU members should blindly accept what they experience or perceive to be unjust or unfair practice in the workplace but we do urge educators to realise that posts are scarce and that in future they will become even scarcer. In many instances continued employment is placed at serious risk when prudent advice from colleagues and/ or the SAOU to reconsider an ill-advised approach, or unacceptable and unprofessional behaviour, is not heeded. In such cases the behaviour is irresponsible and the result almost inevitable.

Once an individual is found guilty of an offence and it is registered on their employment record, they are scarred for life. It is tantamount to having a criminal record. Even though legislation prescribes the maximum period a written warning and final written warning can be used against you, schools are hesitant to appoint someone who has been dismissed, found guilty of an offence or even resigned from a previous post under a cloud. The escalating effect of a scarred employment record is a very serious matter.

The SAOU insists that educators must not hesitate to demand that their fundamental rights be honoured and respected, but that they must always do so in light of the reality that every right comes with a concomitant responsibility.

Once appointed in an educator post, the appointment should be treasured. Aspire to become a model educator and person; someone who lives and works according to universally acceptable values by adhering to the following golden rules:

1. **Perspective**: Realise that employment is a privilege and not a right. Compliance with the reasonable requirements of the school is the responsible thing to do.
2. **Punctuality**: Be on time at the right place every time and "command your post" during the stipulated times.
3. **Be positive and happy**: No-one enjoys "Grumpy"! Be friendly, smiling and a positive person.
4. **Do your utmost**: Be present, alert, diligent, obedient, innovative and productive at all times. Above all, be open and honest.
5. **Walk the extra mile**: Don't just focus on compliance and do the minimum. Do more than what is expected. Make yourself indispensable, apply your mind and always think about how you, your class, your sports or cultural team and the school can be improved.
6. **Self-respect**: Focus on staying healthy in all respects: mentally, psychologically, physically and financially. If you neglect yourself regarding any of these, you lose focus and your personal productivity suffers as a consequence.
7. **Respect authority**: Abide by the reasonable instructions and do not participate in actions that will undermine the school, governing body, SMT or the employer. To always have an axe to grind, assists no-one – educators may win the battle, but very seldom, if ever, win the war.
8. **Develop yourself**: Everyone has the inherent desire to improve and be respected. Do not suppress this desire. Consistently improve yourself by reading, doing, volunteering for additional or new tasks. Be enthusiastic. If an opportunity presents itself to attend training courses, jump at it.

9. **Conflict resolution and professionalism**: The potential for conflict in the workplace will always be there. Accept it as normal. The important point to keep in mind is how you deal with conflict. Learn to deal with the facts of each situation and always avoid becoming emotional about the matter at hand. Resolve issues professionally and move on. Again, harbouring hard feelings causes you to lose focus and lose the respect of others.
10. **Integrity**: Integrity simply means that what you say and do and think must always be the same. Always do the right thing, even when nobody is looking. Your personal integrity will determine whether your employer, colleagues, friends and family feel they can trust you. Losing your integrity and dignity means you have nothing more to lose.
11. **Cultivate relationships**: If you cannot establish relationships on a personal level, you cannot function in any workplace – even more so in a school. Do not use the workplace as the place to nurture all your personal "issues" and turn it into a battle field. You are not obliged to enjoy everyone's company, but you are obliged to co-operate with each and everyone in the school.
12. **Be culturally sensitive:** We cannot all be alike. If the actions of other culture groups differ from yours, this does not imply that it is wrong – it is merely different. This does not imply that we need to sacrifice universally acceptable norms and values. Make a distinction between your personal preferences and that which really matters.
13. **Be politically intelligent**: In South Africa we are all aware of the political taboos in regard to statements, terminology and behaviour. Think before you speak or act!
14. **Prevention is better than cure**: We understand the circumstances, frustrations and obstacles educators have to face on a daily basis and how quickly a wrong decision can destroy a promising career. Contact us when in doubt. Our prospect of success in resolving any kind of problem before it escalates is vastly improved if we can assist as soon as reasonably possible.

Summary: Following these golden rules will help you to consistently cultivate a professional employment relationship and pave the way to success in your career. It will also lead to a happier and more fulfilled life.

NUUS | SAOU | NEWS
NATIONAL | NASIONAAL

Nasionale Kantoor / National Office: Tel: 086 072 6843 | Email/Epos: saou@saou.co.za

22/09/2016 24B/2016

WERK IS KOSBAAR

Wees verantwoordelik en professioneel in jou lewe!

Die SAOU ontvang op 'n daaglikse basis navrae: aan die een kant opvoeders wat op soek is na poste, en aan die ander kant opvoeders wat hul voortgesette indiensneming op die spel plaas en hulle optredes probeer regverdig.

Beide tipes navrae vind plaas teen die agtergrond van die daaglikse werkloosheidsyfer van Suid-Afrika wat volgens statistieke die hoogste in die wêreld is. Die hoeveelheid navrae wat ontvang word by die Unie is 'n aanduiding dat as 'n beroep, ons nie só bewus is van die effek van huidige verlammende realiteit as wat ons moet wees nie.

Diegene wat bevoorreg genoeg is om 'n pos te hê moet die voorreg absoluut waardeer. Die SAOU gebruik die term 'voorreg' met opset. Die volgende belangrike faktore moet in ag geneem word: Die voortgesette verhoging van die leerder / opvoeder verhouding wat 'n vermindering van opvoederposte impliseer, die feit dat in die breër arbeidsmark, een uit elke vier volwassenes van ons bevolking werkloos is en dat gemiddeld twee uit elke vier jeugdiges nie daarin slaag om werk te vind nie.

Die SAOU verteenwoordig lede daagliks in dissiplinêre aangeleenthede, bevoegdheidsverhore, konflikte tussen personeel, konflik met skool beheerliggame, griewe, ens. Talle lede word skuldig bevind aan insubordinasie,

aanranding, seksuele aanranding, bedrog, konflik in skole, swak werksprestasie, finansiële wanbestuur, laat aanmelding vir diens, afwesigheid sonder amptelike verlof, ens.

Ons verkondig nie dat SAOU lede blindelings onregverdige praktyke en slegte behandeling in die werksplek bloot moet aanvaar nie, maar ons doen werklik 'n beroep op opvoeders om te besef dat poste skaars is en dat dit in die toekoms nog skaarser gaan word. In baie gevalle word voortgesette diens ernstig op die spel geplaas wanneer daar nie ag geslaan word op goeie en wyse advies van kollegas en/of die SAOU nie of om 'n onverstandige benadering, of onaanvaarbare en onprofessionele gedrag te heroorweeg nie. In sulke gevalle is die gedrag onverantwoordelik en die uitkoms feitlik onvermydelik.

Wanneer 'n individu skuldig bevind word aan 'n oortreding en dit aangeteken word teen die diensrekord, is die persoon lewenslank gebrandmerk. Dit is gelykstaande daaraan om 'n kriminele rekord te hê. Alhoewel wetgewing 'n maksimum periode van 'n skriftelike waarskuwing en finale skriftelike waarskuwing voorskryf, is skole huiwerig om 'n persoon aan te stel wat voorheen ontslaan, skuldig bevind is aan 'n oortreding of selfs onder 'n wolk bedank het. Die kumulatiewe effek van 'n negatiewe diensrekord moet nie gering geskat word nie.

Die SAOU propageer te alle tye dat opvoeders nie moet skroom om daarop aan te dring dat hul fundamentele regte gehonoreer en gerespekteer moet word nie, maar dat hulle dit altyd sal doen in die lig van die realiteit dat elke reg gepaard gaan met 'n verantwoordelikheid.

Sodra aangestel in 'n opvoederspos, moet u toegewyd wees. Streef daarna om 'n model opvoeder en persoon te wees wat lewe en werk volgens 'n universeel aanvaarbare waardestelsel deur gehoor te gee aan die volgende goue reëls:

1. **Perspektief**: Besef indiensneming is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Die nakoming van die redelike vereistes van die skool is die verantwoordelike ding om te doen.
2. **Stiptelikheid**: Wees elke keer betyds op die regte plek en "wees op jou pos" gedurende die vasgestelde tye.
3. **Wees positief en gelukkig**: Niemand geniet vir "Grompie" nie. Wees vriendelik, glimlag en wees 'n positiewe persoon.
4. **Doen jou uiterste bes**: Wees teenwoordig, waaksaam, ywerig, gehoorsaam, innoverend en produktief te alle tye. Maar bowenal, wees deursigtig en eerlik.
5. **Loop die ekstra myl**: Moet nie net fokus op die nakoming van pligte en om net die minimum te doen nie. Doen meer as wat verwag word. Maak jouself onmisbaar, rig jou gedagtes en dink altyd hoe kan jy jou klas, die sport- of kultuurspan en die skool kan verbeter.
6. **Selfrespek**: Fokus daarop om gesond te bly in alle aspekte: geestelik, psigies, fisies en finansieel. Indien jy jouself verwaarloos op enige van hierdie fasette, het dit tot gevolg dat jy fokus verloor en dat persoonlike produktiwiteit daaronder lei.
7. **Respekteer gesag**: Hou by die redelike instruksies en moet nie deelneem aan aksies wat die skool, beheerliggaam en skoolbestuurspan of die werkgewer sal ondermyn nie. Om altyd 'n byl te wil slyp help

niemand – opvoeders wen miskien die stryd, maar baie selde, indien ooit, die oorlog.

8. **Ontwikkel jouself**: Elkeen het die inherente begeerte om hulself te verbeter en om gerespekteer te word. Hierdie begeerte moet nie onderdruk word nie. Verbeter jouself deurentyd deur te lees, dinge te doen, om vrywillig addisionele of nuwe take te verrig. Wees entoesiasties. Indien 'n geleentheid homself openbaar om 'n opleidingskursus by te woon, spring vir die geleentheid.
9. **Oplos van konflik en professionaliteit**: Die potensiaal vir konflik in die werksplek sal altyd daar wees. Aanvaar dit - dit is normaal. Dit is belangrik om die manier van hoe jy konflik hanteer in gedagte te hou. Leer om dit te hanteer met die feite van die situasie en vermy altyd om emosioneel te word oor die saak onder bespreking. Los die kwessies professioneel op en beweeg aan. Weereens, deur vas te hou aan kwade gevoelens veroorsaak dat jy fokus verloor en ook die respek van ander.
10. **Integriteit**: Integriteit beteken bloot dat wat jy sê en wat jy dink altyd dieselfde moet wees. Doen altyd die regte ding, selfs al kyk niemand nie. Jou persoonlike integriteit sal bepaal of die werkgewer, kollegas, vriende en familie voel dat hulle jou kan vertrou. Deur integriteit en waardigheid te verloor beteken dat ons niks meer het om te verloor nie.
11. **Kweek verhoudings**: Indien ons nie op 'n persoonlike vlak verhoudings kan vestig nie, kan ons nie funksioneer in enige werkplek nie – selfs meer so in 'n skool. Die werksplek moet nie gebruik word as ontladingsplek vir persoonlike "kwessies" nie en om dit te omskep in 'n oorlogsone nie. Jy is nie verplig om almal se geselskap te geniet nie, maar jy is verplig om saam te werk met elke persoon in die skool. Bowenal, vermy skinderpraatjies ten alle koste.
12. **Wees kultuursensitief**: Ons kan nie almal eenders wees nie. Wanneer die gedrag van ander kultuurgroepe van joune verskil, beteken dit nie dat dit verkeerd is nie – dit is bloot anders. Dit impliseer geensins dat enige een universeel aanvaarbare norme en standaarde moet opoffer nie. Maak 'n onderskeid tussen persoonlike voorkeure en dit wat regtig saak maak.
13. **Wees polities intelligent**: Ons is almal bewus dat daar ongeoorloofde politieke uitlatings, terminologie en gedrag in Suid-Afrika is. Dink voor jy praat of optree! Tel tot tien!
14. **Voorkoming is beter as genesing**: Ons verstaan dat daar omstandighede, frustrasies en struikelblokke is wat opvoeders op 'n daaglikse basis moet deurstaan, en hoe vinnig 'n verkeerde keuse 'n belowende loopbaan kan vernietig. Wanneer jy twyfel, kontak ons gerus. Ons vooruitsig op sukses in die oplossing van enige probleem voordat dit eskaleer, word aansienlik verbeter indien ons bystand kan lewer so gou as wat redelikerwys moontlik is.

Opsomming: Deur hierdie goue reëls na te kom sal dit help om konstant 'n professionele diensverhouding te kweek, en sal dit die weg baan tot sukses in jou loopbaan. Dit sal ongetwyfeld ook tot 'n gelukkiger en vervulde lewe lei.